PASIËNTINLIGTINGSBLAD
Inligting vir die Pasiënt rakende
UZAPLEX

Lees die hele inligtingsblad deeglik voordat u begin om UZAPLEX te gebruik, want dit bevat inligting wat belangrik is vir u.
Hierdie produk is beskikbaar sonder 'n dokter se voorskrif. U moet egter steeds UZAPLEX versigtig gebruik om die beste resultate daarmee te verkry.
- **Hou hierdie inligtingsblad. Dit mag nodig wees dat u dit weer lees.**
- **Moenie UZAPLEX met enige ander persoon deel nie.**
- **Vra u dokter of apteker indien u meer inligting of raad nodig het.**
- **U moet 'n dokter raadpleeg indien u simptome vererger of nie beter word nie.**
- **Hierdie medisyne is nie deur die Medisynebeheerraad geëvalueer nie. Hierdie medisyne is nie bedoel om enige siekte te diagnoseer, behandel, genees of te voorkom nie.**

SKEDULERINGSTATUS:
Ongeskeduleerd.

EIENDOMSNAAM (EN DOSEERVORM):
UZAPLEX (STROOP)

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE:
D 32.2 Ander. Komplementêre Medisyne – Westerse Kruiemedisyne

WAT UZAPLEX BEVAT:
Elke 10 ml **UZAPLEX** stroop bevat:

Bestanddeel	Hoeveelheid
Xysmalobium undulatum (uzara - bitterwortel) wortelekstrak (4 – 6 : 1, ekstraheermiddel 60 % (v/v) metanol)	75,6 mg
Preserveermiddels:	
Kaliumsorbaat	0,035 % m/v
Natriumbensoaat	0,045 % m/v

Die ander onaktiewe bestanddele sluit in sitroensuur, geurmiddel (kola-geur), invertsuiker en gesuiwerde water.

UZAPLEX bevat nie bygevoegde gis, alkohol, kunsmatige kleur- en geurmiddels, aspartaam, gluten, laktose en tartrasien nie.
UZAPLEX bevat 'n geurmiddel wat identies is aan die natuurlike een.
UZAPLEX bevat invertsuiker. Invertsuiker is sukrose (suiker) wat omgeskakel is na dekstrose (glukose) en fruktose.

WAARVOOR UZAPLEX GEBRUIK WORD:
UZAPLEX is 'n kruie-aanvulling vir die verligting van die simptome van diarree.
Dit werk deur beweeglikheid van die derms te verminder.

Raadpleeg u dokter in geval die diarree vir meer as 2 dae volhou, indien u koors het (styging in liggaamstemperatuur) of indien daar bloed in die stoelgang is.
Dit is belangrik om seker te maak dat vloeistowwe en elektroliete vervang word tydens diarree. Praat met u professionele gesondheidsorgwerker vir advies en inligting rakende mondelikse rehidrasieterapie.

VOORDAT U UZAPLEX NEEM:
Moet NIE UZAPLEX neem NIE:
- Indien u allergies (hipersensitief) vir enige van die aktiewe of onaktiewe bestanddele is (sien **"WAT UZAPLEX BEVAT"**).
- Indien u swanger is of u baba borsvoed (sien **"Swangerskap en borsvoeding"**).
- Indien u aan een van die volgende toestande ly: hartsiekte**,** hipokalemie (lae bloedvlakke van kalium) of hipomagnesemie (lae bloedvlakke van magnesium).
- Indien u tans behandeling met kardiale glikosiede ontvang.

UZAPLEX word teenaangedui by pasiënte met hartsiekte. Die uzara-wortel (bitterwortel) bevat kardiale glikosiede, wat bestaande hartsiekte kan vererger of mag inmeng met bestaande geneesmiddelterapie vir die behandeling van hartsiekte.

- Indien u glukose-galaktosewanabsorpsie het, want **UZAPLEX** bevat invertsuiker (sien **"Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van UZAPLEX"**).
- **UZAPLEX** moet nie aan kinders onder die ouderdom van 2 jaar gegee word nie.

Neem spesiale sorg met UZAPLEX:
- Indien u met geleidingstoornisse gediagnoseer is of indien u intraveneuse (inspuiting direk in die bloedstroom toegedien) kalsiumterapie ontvang, weens die teenwoordigheid van kardiale glikosiede wat in die uzara-wortel voorkom. Newe-effekte word nie verwag nie, omdat min van die uzara-glikosiede uit die maag in die bloedstroom geabsorbeer word; spesiale voorsorgmaatreëls moet egter geneem word. Bespreek dit met u professionele gesondheidsorgwerker, voordat **UZAPLEX** geneem word.
- Indien u vir 'n immuno-essai gaan om die digoksienkonsentrasie in die bloed te bepaal, aangesien vals-positiewe resultate aangemeld is. Indien u **UZAPLEX** geneem het, kan die resultate wat met hierdie toetse verkry is nie vir digitalis-glikosiede of uzara-glikosiede geïnterpreteer word nie. Praat met u professionele gesondheidsorgwerker voordat u bloedtoetse ondergaan om bloedkonsentrasies van digitoksien of digoksien te bepaal.
- Indien u met diabetes mellitus gediagnoseer is, aangesien **UZAPLEX** invertsuiker bevat (sien **"Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van UZAPLEX"**).
- Wees versigtig om nie die maksimum daaglikse dosis **UZAPLEX** te oorskry nie, aangesien newe-effekte tipies aan kardiale glikosiede mag voorkom.
- **UZAPLEX** is slegs vir mondelikse toediening. Vermy toediening deur enige ander roete.

Die neem van UZAPLEX met kos en drinkgoed:
UZAPLEX kan met of sonder kos geneem word.

Gebruik by kinders:
UZAPLEX moet nie geneem word deur of gegee word aan kinders onder die ouderdom van 2 jaar nie.

Swangerskap en borsvoeding:
Moet nie **UZAPLEX** neem indien u swanger is of u baba borsvoed nie, aangesien die veiligheid daarvan nie bepaal is nie (sien **"Moet NIE UZAPLEX neem NIE"**).

Indien u swanger is of u baba borsvoed terwyl UZAPLEX geneem word, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker.

Bestuur of die gebruik van masjinerie:
Dit is onwaarskynlik dat **UZAPLEX** u vermoë om te bestuur of masjinerie te hanteer sal beïnvloed. Newe-effekte soos gelys onder **"MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE"** mag u vermoë om te reageer beïnvloed.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van UZAPLEX:
UZAPLEX bevat invertsuiker as 'n onaktiewe bestanddeel.
- Invertsuiker bevat glukose; indien u dus aan glukose-galaktosewanabsorpsie ly, moet u nie **UZAPLEX** neem nie.
- Pasiënte gediagnoseer met diabetes mellitus moet kennis neem dat die gebruik van **UZAPLEX** die beheer van hul bloedsuiker kan beïnvloed, omdat dit invertsuiker bevat.

Die neem van UZAPLEX saam met ander medisyne:

Indien u ander medisyne op 'n gereelde grondslag neem, insluitende komplementêre of tradisionele medisyne, mag die gebruik van UZAPLEX saam met hierdie medisyne ongewenste wisselwerkings veroorsaak. Raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker.

Bespreek asseblief die gebruik van die volgende kruiemedisyne of -aanvullings in kombinasie met **UZAPLEX** met u dokter of apteker:
- Kruie wat kardiale glikosiede bevat, insluitend Kersfeesroos, Kanadese hennepwortels, digitalisblaar, heiningwildemosterd, figwort, lelie-van-die-veldwortels, moederwort, selonsroosblaar, Adonis plant, pleuriswortel, hiasintbolblaarskubbe en strophanthus sade. **UZAPLEX** in kombinasie met hierdie kruie moet vermy word, want dit kan die risiko vir kardiale glikosiedtoksisiteit vergroot.
- Perdestert en soethout, aangesien die gebruik van **UZAPLEX** in kombinasie met enigeen van hierdie kruie die risiko van toksisiteit vir die hart mag verhoog.
- Stimulant-lakseermiddelkruie, insluitend aalwyn, doorn-els, black root, blouvlag-iris, botterskorsiebas, wildewaatlemoen, Europese buckthorn, fo-ti, guttegom, gossipol, akkerwinde, inkbos, manna, Meksikaanse purperwindewortel, rabarber, senna en geeltongblaar. Die gebruik van **UZAPLEX** in kombinasie met een van bogenoemde lakseermiddelkruie, mag die risiko van toksisiteit vir die hart verhoog.

Bespreek asseblief die gebruik van die volgende medisyne of aanvullings in kombinasie met **UZAPLEX** met u dokter of apteker:
- Digoksien (ook bekend as Lanoxin). **Die gebruik van UZAPLEX in kombinasie met digoksien word teenaangedui en moet vermy word**, aangesien beide dieselfde effek op die hart het en die gesamentlike gebruik van **UZAPLEX** met digoksien die risiko van toksisiteit vir die hart verhoog. Sien **"Moet NIE UZAPLEX neem NIE".**
- Kalsium, kinidien en langtermynbehandeling met kortisoon, aangesien die gelyktydige gebruik met **UZAPLEX** 'n toename in die voorkoms van ongunstige effekte op die hart mag veroorsaak, insluitend onreëlmatige pols en arritmieë (onreëlmatige hartritme).
- Makrolied- en tetrasiklienantibiotika, kinien en stimulant-lakseermiddels, aangesien die gebruik van **UZAPLEX** in kombinasie met sulke medisyne 'n verhoging in die risiko van toksisiteit vir die hart kan veroorsaak.
- Kaliumuitputtende diuretiese medisyne, insluitende maar nie beperk tot, chloortiasied (Diuril), chloortalidoon (Thalitone), furosemied (Lasix), hidrochloortiasied (HCTZ, Hydrodiuril, Microzide). Die gebruik van **UZAPLEX** in kombinasie met een van die bogenoemde diuretiese middels, mag 'n verhoging in die risiko van toksisiteit vir die hart weens kaliumuitputting veroorsaak. Versigtigheid moet ook aan die dag gelê word met alle ander diuretiese middels.

HOE OM UZAPLEX TE NEEM:
Volwassenes en kinders, 12 jaar en ouer:
Eerste dag van behandeling: neem 25 ml as 'n enkeldosis.
Op die daaropvolgende dae: neem 5 ml drie (3) tot ses (6) keer per dag, totdat die simptome bedaar het.
Die maksimum daaglikse dosis is 30 ml.

Kinders, 6 tot 11 jaar oud:
Eerste dag van behandeling: neem 5 tot 7 ml as 'n enkeldosis.
Op die daaropvolgende dae: neem 3 tot 4 ml drie (3) tot ses (6) keer per dag, totdat die simptome bedaar het.
Die maksimum daaglikse dosis is 24 ml.
Kinders, 2 tot 5 jaar oud:
Neem 1 tot 2 ml drie (3) tot vyf (5) keer per dag, totdat die simptome bedaar het.
Die maksimum daaglikse dosis is 10 ml.
MOET NIE DIE AANBEVOLE DAAGLIKSE DOSIS OORSKRY NIE.

Metode van Toediening en Duur van Gebruik
UZAPLEX is slegs vir mondelikse gebruik. Moet nie via enige ander roete as mondeliks toedien nie (sien **"Neem spesiale sorg met UZAPLEX"**).
UZAPLEX kan met of sonder etes geneem word.

Gaan voort met behandeling totdat simptome bedaar het, maar nie vir langer as 7 dae nie. MOET NIE 7 DAE SE BEHANDELING OORSKRY NIE.

Indien u meer UZAPLEX neem as wat u behoort te neem:

In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, verkry onmiddellik hulp by die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

Indien u meer **UZAPLEX** neem as wat u moet, mag die onderskeie bekende newe-effekte wat met digitalis-glikosiede geassosieer word, voorkom en sluit newe-effekte verwant aan die kardiale (hart), gastro-intestinale en sentralesenuweestelsel in. Daar is geen tipiese volgorde waarin die simptome mag voorkom nie; kardiale (hart) en nie-kardiale simptome mag gelyktydig of opeenvolgend voorkom, terwyl die kardiale (hart) tekens van digitalisvergiftiging baie ernstiger is.

Indien u vergeet om UZAPLEX te neem:
Neem **UZAPLEX** altyd soos aangedui (sien **"HOE OM UZAPLEX TE NEEM"**). Indien u 'n dosis oorgeslaan het, neem dit so gou as wat u onthou. Indien u nie onthou dat u 'n dosis oorgeslaan het voordat dit tyd is vir die volgende dosis nie, slaan die dosis wat vergeet is oor en keer terug na u gewone doseringskedule. Moet nie 'n dubbele dosis **UZAPLEX** neem om te vergoed vir die individuele dosisse wat oorgeslaan is nie.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE:
UZAPLEX mag newe-effekte hê.
Nie al die newe-effekte wat vir UZAPLEX aangemeld is, word in hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid verswak terwyl UZAPLEX geneem word, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker.

UZAPLEX mag die volgende newe-effekte hê:
- Gastro-intestinale versteurings, insluitend naarheid en braking.
- Immuunsisteemversteurings, insluitend allergiese reaksies en hipersensitiwiteitsreaksies met veleriteem en gesigswelling. Hierdie newe-effekte is skaars.

UZAPLEX moet gestaak word en u moet u dokter raadpleeg wanneer u ongunstige effekte ervaar, veral allergiese (hipersensitiewe) reaksies. Indien u newe-effekte ervaar wat nie in hierdie inligtingsblad gelys word nie, moet u die dokter raadpleeg.

BERGING EN WEGDOENING VAN UZAPLEX:
Bêre by of benede 25 °C op 'n droeë plek.
Beskerm teen lig.
Bêre in die oorspronklike verpakking.
Hou die bottel dig toe.
Moet nie die stroop neem ná die vervaldatum wat op die verpakking voorkom nie.
Neem al die ongebruikte stroop terug na jou apteker.
Moet nie ongebruikte stroop in dreine of rioolsisteme (bv. toilette) weggooi nie.
HOU ALLE MEDISYNE BUITE DIE BEREIK EN SIG VAN KINDERS.

AANBIEDING VAN UZAPLEX:
'n 100 ml amber glasbottel, met 'n wit peuter-verklikker skroefprop en 'n vertikale drupper, verpak in 'n buitenste karton. 'n Deurskynende plastiekmaatbekertjie word ingesluit.

IDENTIFIKASIE VAN UZAPLEX:
Soet, kola-geurige, goudgeel stroop met 'n bitter na-smaak.

REGISTRASIENOMMER:
Sal toegeken word.

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER:
LAMAR INTERNATIONAL (EDMS) BPK
Posbus 4972
Tygervallei
7536
E-pos: info@lamar.co.za

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE PASIËNTINLIGTINGSBLAD:
Oktober 2013.

LI0016/13B
Pro-Print

PATIENT INFORMATION LEAFLET
Information for the Patient about
UZAPLEX

Read all of this leaflet carefully before you start using UZAPLEX, because it contains important information for you.
This product is available without a doctor's prescription. Nevertheless you still need to use UZAPLEX carefully to get the best results from it.
- **Keep this leaflet. You may need to read it again.**
- **Do not share UZAPLEX with any other person.**
- **Ask your doctor or pharmacist if you need more information or advice.**
- **You must see a doctor if your symptoms worsen or do not improve.**
- **This medicine has not been evaluated by the Medicines Control Council. This medicine is not intended to diagnose, treat, cure or prevent any disease.**

SCHEDULING STATUS:
Not scheduled.

PROPRIETARY NAME (AND DOSAGE FORM):
UZAPLEX (SYRUP)

PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION:
D 32.2 Other. Complementary Medicine – Western Herbal

WHAT UZAPLEX CONTAINS:
Each 10 ml of **UZAPLEX** syrup contains:

Ingredient	Quantity
Xysmalobium undulatum radix (uzara root) extract (4 – 6 : 1, extracting agent 60 % (v/v) methanol)	75,6 mg
Preservatives:	
Potassium sorbate	0,035 % m/v
Sodium benzoate	0,045 % m/v

The other inactive ingredients include citric acid, flavouring agent (cola flavour), invert sugar and purified water.

UZAPLEX is free from added yeast, alcohol, artificial colourants, artificial flavourants, aspartame, gluten, lactose and tartrazine.
UZAPLEX contains a nature identical flavourant.
UZAPLEX contains invert sugar. Invert sugar is sucrose (sugar) that has been inverted to form dextrose (glucose) and fructose.

WHAT UZAPLEX IS USED FOR:
UZAPLEX is an herbal supplement for the relief of symptoms of diarrhoea. It acts by reducing bowel motility.

Consult your doctor in the case of diarrhoea persisting for more than 2 days, if you have a fever (rise in body temperature) or if blood is present in the stool.
It is important to ensure that fluids and electrolytes are replaced during diarrhoea. Speak to your healthcare professional for advice and information on oral rehydration therapy.

BEFORE YOU TAKE UZAPLEX:
Do NOT take UZAPLEX:
- If you are allergic (hypersensitive) to any of the active or inactive ingredients (see **"WHAT UZAPLEX CONTAINS"**).
- If you are pregnant or breastfeeding your baby (see **"Pregnancy and breastfeeding"**).
- If you have one of the following conditions: heart disease, hypokalaemia (low blood levels of potassium) or hypomagnesaemia (low blood levels of magnesium).
- If you are currently receiving treatment with cardiac glycosides.

UZAPLEX is contra-indicated in patients with heart disease. The uzara root contains cardiac glycosides which can worsen current heart disease or may interfere with existing drug therapy for the treatment of heart disease.

- If you have glucose-galactose malabsorption because **UZAPLEX** contains invert sugar (see **"Important information about some of the ingredients of UZAPLEX"**).
- **UZAPLEX** must not be given to children under the age of 2 years.

Take special care with UZAPLEX:
- If you have been diagnosed with conduction disturbances or if you are on intravenous (injection administered directly into the blood stream) calcium therapy due to the presence of cardiac glycosides contained within the uzara root. Side-effects are not expected due to the low absorption of the uzara glycosides from the stomach into the blood; however, special precautions should be taken. Speak to your healthcare professional before taking **UZAPLEX.**
- If you are going for an immunoassay to determine the digoxin blood concentration, as false-positive results have been reported. If you have taken **UZAPLEX,** results obtained from such tests cannot be interpreted for either digitalis glycosides or uzara glycosides. Speak to your healthcare professional before undergoing blood tests to determine blood concentrations of digitoxin or digoxin.
- If you have been diagnosed with diabetes mellitus because **UZAPLEX** contains invert sugar (see **"Important information about some of the ingredients of UZAPLEX"**).
- Care should be taken to not exceed the maximum daily dose of **UZAPLEX** as side-effects typical of cardiac glycosides may occur.
- **UZAPLEX** is for oral administration only. Administration by any other route must be avoided.

Taking UZAPLEX with food and drink:
UZAPLEX can be taken with or without food.

Use in children:
UZAPLEX should not be taken by or given to children under the age of 2.

Pregnancy and breastfeeding:
Do not take **UZAPLEX** if you are pregnant or breastfeeding your baby as safety has not been established (see **"Do NOT take UZAPLEX"**).

If you are pregnant or breastfeeding your baby while taking UZAPLEX, please consult your doctor or pharmacist or other healthcare professional for advice.

Driving or using machinery:
It is unlikely that **UZAPLEX** will affect your ability to drive or operate machinery. Side-effects as listed under **"POSSIBLE SIDE-EFFECTS"** may influence your ability to react.

Important information about some of the ingredients of UZAPLEX:
UZAPLEX contains invert sugar as an inactive ingredient.
- Invert sugar contains glucose; therefore if you have glucose-galactose malabsorption, you should not take **UZAPLEX**.
- Patients diagnosed with diabetes mellitus should note that the use of **UZAPLEX** can influence their blood sugar control due to the presence of invert sugar.

Taking UZAPLEX with other medicines:

If you are taking other medicines on a regular basis, including complementary or traditional medicines, the use of UZAPLEX with these medicines may cause undesirable interactions. Please consult your doctor, pharmacist or other healthcare professional for advice.

Please discuss the use of the following herbal medicines or supplements in combination with **UZAPLEX** with your doctor or pharmacist:
- Cardiac glycoside-containing herbs including black hellebore, Canadian hemp roots, digitalis leaf, hedge mustard, figwort, lily of the valley roots, motherwort, oleander leaf, pheasant's eye plant, pleurisy root, squill bulb leaf scales and strophanthus seeds. **UZAPLEX** in combination with these herbs must be avoided because it can increase the risk of cardiac glycoside toxicity.
- Horsetail and liquorice, as the use of **UZAPLEX** in combination with either herbs may cause an increase in the risk of toxicity to the heart.
- Stimulant laxative herbs including aloe, alder buckthorn, black root, blue flag, butternut bark, colocynth, European buckthorn, fo-ti, gamboge, gossypol, greater bindweed, jalap, manna, Mexican scammony root, rhubarb, senna and yellow dock. The use of **UZAPLEX** in combination with one of the above mentioned laxative herbs, may cause an increase in the risk of toxicity to the heart.

Please discuss the use of the following medicines or supplements in combination with **UZAPLEX** with your doctor or pharmacist:
- Digoxin (also known as Lanoxin). **The use of UZAPLEX in combination with digoxin is contra-indicated and must be avoided**, as both have the same effect on the heart and the combined use of **UZAPLEX** with digoxin increases the risk of toxicity to the heart. Refer to **"Do NOT take UZAPLEX"**.
- Calcium, quinidine and long-term cortisone treatment, as the concurrent use with **UZAPLEX** may cause an increase in the occurrence of adverse effects to the heart including irregular pulse and arrhythmias (irregular heart rhythm).
- Macrolide and tetracycline antibiotics, quinine and stimulant laxatives, as the use of **UZAPLEX** in combination with such medicines may cause an increase in the risk of toxicity to the heart.
- Potassium-depleting diuretic medicines including, but not limited to, chlorothiazide (Diuril), chlorthalidone (Thalitone), furosemide (Lasix), hydrochlorothiazide (HCTZ, Hydrodiuril, Microzide). The use of **UZAPLEX** in combination with one of the above mentioned diuretic drugs, may cause an increase in the risk of toxicity to the heart due to potassium depletion. Caution should also be exercised with all other diuretic agents.

HOW TO TAKE UZAPLEX:
Adults and children, 12 years and older:
First day of treatment: take 25 ml as a single dose.
On the following days: take 5 ml three (3) to six (6) times per day until the symptoms have subsided.
Maximum daily dose is 30 ml.
Children, 6 to 11 years old:
First day of treatment: take 5 to 7 ml as a single dose.
On the following days: take 3 to 4 ml three (3) to six (6) times per day until the symptoms have subsided.
Maximum daily dose is 24 ml.
Children, 2 to 5 years old:
Take 1 to 2 ml three (3) to five (5) times per day until the symptoms have subsided.
Maximum daily dose is 10 ml.
DO NOT EXCEED THE RECOMMENDED DAILY DOSAGE.

Method of Administration and Duration of Use
UZAPLEX is for oral use only. Do not administer by any other route than oral administration (see **"Take special care with UZAPLEX"**).
UZAPLEX can be taken with or without meals.

Continue with treatment until symptoms have subsided, but not for longer than 7 days. DO NOT EXCEED 7 DAYS OF TREATMENT.

If you take more UZAPLEX than you should:

In the event of overdosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available, immediately seek help at the nearest hospital or poison control centre.

If you take more **UZAPLEX** than you should, the various known side-effects associated with digitalis glycosides may occur and include cardiac (heart), gastrointestinal and central nervous system related side-effects. There is no typical sequence in which the symptoms may occur; cardiac (heart) and non-cardiac symptoms may occur together or consecutively, whereby cardiac (heart) signs of digitalis intoxication are much more serious.

If you forget to take UZAPLEX:
Always take **UZAPLEX** as prescribed (see **"HOW TO TAKE UZAPLEX"**). If you have missed a dose, take it as soon as you remember. If you do not remember the missed dose until the next dose is due, skip the missed dose and go back to your regular dosing schedule. Do not take a double dose of **UZAPLEX** to make up for forgotten individual doses.

POSSIBLE SIDE-EFFECTS:
UZAPLEX may have side-effects.
Not all side-effects reported for UZAPLEX are included in this leaflet. Should your general health worsen while taking UZAPLEX, please consult your doctor, pharmacist or other healthcare professional for advice.

UZAPLEX may have the following side-effects:
- Gastrointestinal disorders, including nausea and vomiting.
- Immune system disorders including allergic reactions and hypersensitivity reactions with skin erythema and facial swelling. These side-effects are rare.

UZAPLEX should be discontinued and you must consult your doctor at the onset of undesirable effects, particularly allergic (hypersensitive) reactions. If you experience side-effects not listed in this leaflet, you should consult your doctor.

STORAGE AND DISPOSING OF UZAPLEX:
Store at or below 25 °C in a dry place.
Protect from light.
Store in the original packaging.
Keep the bottle tightly closed.
Do not take the syrup after the expiry date stated on the package.
Return all unused syrup to your pharmacist.
Do not dispose of unused syrup in drains or sewerage systems (e.g. toilets).
KEEP ALL MEDICINES OUT OF REACH AND SIGHT OF CHILDREN.

PRESENTATION OF UZAPLEX:
A 100 ml amber glass bottle, with a white tamper evident screw cap and a vertical dropper, packed in an outer carton. A clear plastic measuring cup is included.

IDENTIFICATION OF UZAPLEX:
Sweet cola tasting golden yellow syrup with a bitter after taste.

REGISTRATION NUMBER:
To be allocated.

NAME AND BUSINESS ADDRESS OF THE REGISTRATION HOLDER:
LAMAR INTERNATIONAL (PTY) LTD
P.O. Box 4972
Tygervalley
7536
Email: info@lamar.co.za

DATE OF PUBLICATION OF THIS PATIENT INFORMATION LEAFLET:
October 2013.

LI0016/13B